10DE MAAND REEKS

Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

INLEIDING:

'n Reis van **nege weke** om te ontdek wat dit werklik beteken om te gee – nie net finansieel nie, maar van **ons tyd, ons gawes en ons besittings.** Hierdie reeks, *"Gawes wat Lewe Bring"*, neem ons stap vir stap deur die Bybelse beginsels van vrygewigheid en help ons verstaan dat gee **'n leefstyl van geloof en vertroue in God** is.

Elke week sal ons fokus op 'n spesifieke aspek van gee: van die besef dat alles wat ons het aan God behoort, tot hoe ons ons tyd, talente en finansies kan gebruik om ander te seën en die Koninkryk van God te bou. Ons sal ook weekliks **konkrete uitdagings hê,** sodat ons nie net hoor en leer nie, maar ook prakties kan leef en ervaar wat dit beteken om vrygewig te wees.

Die doel is dat ons as gemeente nie net finansieel vrygewig is nie, maar dat ons **hart, hand en lewe** geanker word in die gees van gee wat lewe bring – vir ons, vir ander en vir God se koninkryk.

Kom saam met ons op hierdie reis en ontdek hoe **julle gawes lewe kan bring** in die wêreld rondom julle.

Verloop

1. **Lief en leed**:

Deel met mekaar hoe dit met elkeen gaan

2. **Gebed**

Tree in vir mense in nood, vir die gemeente en vir mekaar.

3. **Gestuur**

Opvolg: Het jul al 'n Whatsapp na die Spanleier of leraars gestuur vir meer inligting oor ons stuurselle?

Skrif:

Teks: Maleagi 3:8–12

Maar julle vra: “Waarom moet ons ons bekeer?” 8Sal 'n mens werklik vir God beroof? Tog beroof julle My.
Julle vra: “Waarvan beroof ons U?” Van tiendes en offergawes. 9Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle
My beroof; die hele nasie doen dit. 10Bring die volle tiende na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete in
my huis kan wees, en toets My hierin, sê die Here die Almagtige. **Toets My of Ek nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle reën sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie.** 11Ek sal die
sprinkane keer dat hulle nie die oes op julle land vernietig nie, en dat julle wingerde nie sonder vrugte is nie, sê
die Here die Almagtige. 12Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land
woon, sê die Here die Almagtige.

Sleutelgedagte:

- Finansiële gee is ’n daad van vertroue en aanbidding. God se oorvloed is groter as ons vrees.

Vir God is offervaardigheid in ons verhouding met Hom belangrik.

- Wat lees en hoor julle in Maleagi oor dit wat God vra?

Notas

_____

_____

_____

- Wat vra God van my en wat moet ek in plek sit om dit so te laat gebeur, dat dit nie net oor ‘n wettiese godsdienste daad gaan nie, maar uit ‘n reaksie van liefde vir Hom?

Notas

_____

_____

_____

Lees ook:
2 Korintiërs 9:6–8

6 Dink daaraan: wie karig saai, sal karig oes; en wie volop saai, sal volop oes. 7 Elkeen moet
gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het
die blymoedige gewer lief. 8 En God is by magte om aan julle alles in oorvloed te skenk, sodat
julle in alle opsigte altyd van alles genoeg kan hê en volop kan bydra vir elke goeie werk

My maandelikse bydrae en ook erediens kollekte gaan nie net oor ‘n daad van bring of gee nie, maar oor ‘n verhouding met God. ‘n Praat met Hom, voorbereiding daarvan saam met Hom en reaksie van dankbaarheid vir Hom?
Die beginsel is, God seën ons om tot seën te wees.
Hoe is ons as Groeigroep tot seën vir:

a) Een van die stuurselle?
b) Die gemeente
c) Mense in nood?

Notas

_____

_____

_____

_____

Konkrete daad:

- Bring ’n finansiële offer hierdie week, selfs ’n klein bedrag met ’n opregte hart.

Gebed

Here dankie dat ons tot seën kan wees vir ander deur die gawes en middele waarmee U my seën en U daarmee kan verheerlik.

_____